

LL

Bib
5/90
Saak No 514/1991

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÈLAFDELING

In die saak tussen:

EDWARD QEKISI

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM:

BOTHA, VIVIER ARR et HOWIE WN AR

VERHOORDATUM:

18 FEBRUARIE 1992

LEWERINGSDATUM:

3 MAART 1992

UITSpraak

BOTHA AR:-

Hierdie appèl spruit voort uit die bepalings van artikel 19 van die Strafwysigingswet 107 van 1990 ("die Wet"). Die appellant is in Julie 1989 in die Transvaalse Provinsiale Afdeling deur STRYDOM R en assessore skuldig bevind aan moord en aan roof met verswarende omstandighede. Ten aansien van die moord het die Verhoorhof bevind, na aanleiding van die regsposisie soos dit destyds gegeld het, dat daar geen versagtende omstandighede aanwesig was nie, en gevolglik is die appellant ter dood veroordeel. Vir die roof is hy gevonniss tot 10 jaar gevangenisstraf. 'n Aansoek om verlof om te appelleer teen die skuldigbevindings en die vonnisse is deur die Verhoorregter van die hand gewys. Geen versoekskrif om verlof om te appelleer is aan die Hoofregter gerig nie. Na die inwerkingtreding van die Wet is die saak voorgelê vir oorweging aan die paneel wat aangestel is ingevolge artikel 19(1) van die Wet. Ooreenkomstig artikel 19(10) het die paneel op 28 Augustus 1991 'n bevinding

uitgebring dat die Verhoorhof waarskynlik die doodvonnis sou opgelê het indien artikel 4 van die Wet (wat artikel 277 van die Strafproseswet 51 van 1977 vervang) ten tyde van vonnisoplegging in werking was. Gevolglik moet hierdie Hof nou, ingevolge artikel 19(12) van die Wet, die doodvonnis wat die appellant opgelê is in heroorweging neem, aan die hand van die nuwe bedeling wat die Wet tot stand gebring het. Die beginsels wat toegepas moet word en die benadering wat gevolg moet word kragtens die wetgewing wat tans van krag is, is reeds in talle uitsprake van hierdie Hof uiteengesit. Dit hoef nie hier herhaal te word nie; dit is slegs nodig om dit toe te pas op die feite van die onderhawige geval.

Die feitebevindings van die Verhoorhof wat die grondslag gevorm het van die appellant se skuldigbevinding aan moord blyk uit die Verhoorhof se uitspraak, wat 'n deeglike ontleding bevat van die getuienis wat voor die Verhoorhof geplaas is. Vir die

doeleindes van die huidige uitspraak kan die tersaaklike feitebevindings kortliks saamgevat word soos volg. Die oorledene het gewoon in 'n woonstel in 'n voorstad van Pretoria, en hy was die eienaar van 'n winkel in dieselfde omgewing. Hy was die slagoffer van 'n beplande roof wat uitgevoer is deur die appellant en vyf ander jong mans. Hulle deeglike voorafbeplanning van die roof het onder meer vorige besoeke behels aan die oorledene se winkel en woonstel, toe die omgewing bespied en verken is. Op een van die vorige besoeke het die appellant en sy makkers inderdaad ook stelling ingeneem, verskuil, by die oorledene se woonstel, met die oogmerk om hom te oorval wanneer hy na 8-uur die aand van die winkel na die woonstel sou terugkeer, soos sy gewoonte was. Met daardie geleentheid het die oorledene egter nie opgedaag nie, en het die roofbende onverrigter sake weer die toneel verlaat. Tydens die volgende ekspedisie het hulle nie tevergeefs gewag nie. Die appellant, wat 'n leidende aandeel gehad het in die

beplanning van die roof, het oor h muur rondom die woonstelperseel geklim en hom naby die oorledene se motorhuis versteek. Hy was gewapen met h hamer. Die oorledene het van die winkel gekom en met sy motorvoertuig die motorhuis binnegery. Net toe hy uitklim, is hy aangeval deur die appellant en ten minste een van sy makkers, ene Philly Ncube. Die oorledene het hom verset en h worsteling het plaasgevind. Die appellant het die oorledene toe met die hamer doodgeslaan. In die worsteling is die kraag van die appellant se hemp afgeskeur en het die voorkant van sy hemp met bloed besmeer geraak. Tydens h lykskouing is vasgestel dat die oorledene veelvuldige wonde en beserings opgedoen het, die ergste waarvan h wond aan die voorkant van die kop was, waar daar h verbrokkeling van die skedel en die bene van die neus was, met onderliggende erge besering van die brein. Nadat die oorledene oorrompel is, het die appellant en sy trawante hom beroof van sy horlosie en h bos

sleutels. Met die sleutels is die bende vort na die oorledene se winkel, met die doel om dit oop te sluit en hulle rooftog daar voort te sit. Hulle kon egter nie daarin slaag om toegang tot die winkel te verkry nie. Die werklike buit waarna hulle op soek was, het hulle dus nie gekry nie.

Die Verhoorhof het verder bevind dat die appellant, toe hy die oorledene met die hamer aangerand het, die opset gehad het om die oorledene te dood. Uit die Verhoorregter se latere uitspraak aangaande versagtende omstandighede blyk dit dat die Verhoorhof se bevinding was dat die appellant se opset dolus directus was.

Tydens die verhoor was die appellant se verweer 'n alibi. Met verwysing na sy getuienis het die Verhoorhof bevind dat hy "n deurdrapte leuenaar" was en dat sy alibi nie redelik moontlik waar kan wees nie. Nadat hy skuldig bevind is, tydens die ondersoek na versagtende omstandighede, is die appellant deur die

Verhoorhof die geleentheid gegun om sy posisie in heroorweging te neem; sy pro deo advokaat sou tydens h verdagting van die hof die implikasies van sy alibi-getuienis en die erns daarvan aan hom verduidelik. Na die verdagting het die advokaat die Verhoorregter meegedeel dat die appellant voet by stuk hou dat hy geen aandeel gehad het in die misdade waaraan hy skuldig bevind is nie. By wyse van betoog is daar toe vir oorweging aan die Verhoorhof voorgelê dat die appellant 24 jaar oud was, dat hy op skool slegs tot by standerd 4 gevorder het, en dat hy geen verdere opvoeding of opleiding gehad het nie. Dit is aangevoer dat "sy jeugdigheid en moontlik mindere rypheid" versagtende omstandighede uitmaak. Blykens die Verhoorregter se uitspraak het die Verhoorhof aanvaar dat die appellant "jonk is en moontlik minder ryp as iemand van ouer ouderdom as hyself", maar bevind dat dit nie die appellant se daad minder laakbaar maak nie. Die Verhoorregter het ook daarop gewys dat die roof h

beplande een was en dat volgens al die getuienis die appellant die leidende rol gespeel het (dit verwys klaarblyklik na beide die beplanning en die uitvoering daarvan). Vandaar die bevinding dat daar geen versag-tende omstandighede teenwoordig was nie.

Nadat die gemelde bevinding uitgebring is, is vorige veroordelings teen die appellant bewys. Drie van hulle dateer uit 1982. In die vorm SAP 69 word die betrokke oortredings soos volg beskryf:

"Roof - kontant - liggaamlike geweld - R85,00."

"Verkragting - mes gedreig."

"Aanranding m/o om ernstig te beseer - mes."

Die appellant was toe ongeveer 17 jaar oud. Vir elk van die oortredings is hy gevonnisd tot lyfstraf met 'n ligte rottang - in elk van die eerste twee gevalle 6 houe, en in die laaste geval 4 houe. Daarbenewens is die appellant in 1984 skuldig bevind aan ontsnapping uit 'n gevangenis en gevonnisd tot 5 maande gevangenis-

straf.

Wat ek tot dusver hierbo opgesom het, is die gegewens wat ter sake is in hierdie appèl, in soverre hulle uit die oorkonde blyk. In hierdie Hof was die betoog van die appellant se advokaat egter grotendeels gebaseer op gegewens buite die oorkonde. Dit hou hoofsaaklik verband met getuienis wat die appellant afgelê het in 'n strafsak wat verhoor is 'n bietjie meer as 'n jaar na die appellant se onderhawige skuldigbevinding en vonnis. Dit was in die saak teen Philly Ncube, wat, soos vroeër gemeld is, deelgeneem het aan die aanval op die oorledene. Ncube was nie saam met die appellant en die ander rowers verhoor nie, omdat hy uit bewaring ontsnap het.

Uit beëdigde verklarings wat aan hierdie Hof voorgelê is, blyk die volgende. Ongeveer 8 maande nadat die verhoor van die appellant afgehandel is, het sy advokaat met hom 'n onderhoud gevoer in die gevangenis, in die teenwoordigheid van 'n polisie-

beampte. Die appellant was bewus daarvan dat Ncube toe weer in hegtenis geneem was. Hy het sy advokaat meegedeel dat hy "iets in sy hart het wat hy wil skoonmaak"; dat sy alibi by sy verhoor leuenagtig was; en dat hy nou die waarheid wou openbaar. Hy het verder te kenne gegee dat hy bereid was om in die saak teen Ncube getuienis vir die Staat af te lê. Dit het dan toe ook gebeur. Kortliks was die strekking van sy getuienis in daardie saak soos volg. Hy en Ncube en die vier ander deelnemers het saam beplan om die oorledene te beroof. Hulle het die oorledene ingewag by sy woonstel. Die appellant het 'n vuurwapen gehad en Ncube was gewapen met 'n hamer. Toe die oorledene opgedaag het, het Ncube hom met die hamer toegetakel. Hy het hom herhaaldelik daarmee geslaan. Die appellant het naderhand tussenbeide getree en die hamer by Ncube afgeneem, omdat hy nie wou gehad het dat die oorledene heeltemal buite aksie gestel word nie. So het dit gebeur dat hy, die appellant, die hamer in sy hand

gehad het toe die ander rowers op die toneel gekom het. (Volledigheidshalwe moet gemeld word dat Ncube in sy getuienis die appellant se weergawe van wie die hamer gebruik het, betwis het. Volgens hom het die appellant die oorledene met die hamer geslaan, terwyl hy, Ncube, die oorledene vasgehou het. Ncube is op grondslag van sy eie weergawe skuldig bevind aan moord en ter dood veroordeel. n Appèl teen sy doodvonnis is tans hangende.)

Namens die appellant is daar aangevoer dat hierdie Hof sonder meer kennis kan neem van die latere getuienis van die appellant, en dat die paslikheid of andersins van die doodvonnis in sy geval beoordeel behoort te word op grondslag van daardie getuienis. Dit kan klaarblyklik nie gedoen word nie. Dit spreek vanself dat die appellant se getuienis in Ncube se saak nie aangewend kan word om die feitebevindings van die Verhoorhof in die appellant se saak eenvoudig ongedaan te maak nie. Met die oog op daardie probleem het die

appellant se advokaat voorts aangevoer dat die doodvonnis tersyde gestel behoort te word en dat die saak na die Verhoorhof terugverwys behoort te word sodat die appellant weer sy nuwe getuienis kan aflê. In beginsel het die Hof die bevoegdheid om so op te tree, kragtens artikel 19(12)(b)(iii) van die Wet, maar alvorens die bevoegdheid ingevolge daardie artikel uitgeoefen sal word, moet daar aan bepaalde voorvereistes voldoen word, soos uiteengesit is in die ongerapporteerde uitspraak van hierdie Hof in S v Nofomela (gelewer op 28 November 1991). Aan daardie vereistes word daar in die huidige geval hoegenaamd nie voldoen nie. Dit is voldoende om net op een onoorkomelike moeilikheid te wys. Behalwe in uitsonderlike omstandighede, moet daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat die betrokke getuienis by die verhoor voorgelê sou gewees het indien die huidige regsposisie toe reeds van krag sou gewees het, of andersins moet daar 'n redelik aanvaarbare verduideliking wees waarom

die betrokke getuienis nie aan die Verhoorhof voorgelê is nie. Die omstandighede van die huidige geval is in geen opsig uitsonderlik nie; die betrokke getuienis hou hoegenaamd nie verband met die veranderinge wat aangebring is aan die regsposisie nie; en die appellant het geen verduideliking aangebied vir die ommekeer van sy getuienis nie. (In Ncube se saak het die appellant onder kruisondervraging as rede vir sy vroeëre valse getuienis aangevoer dat Ncube nie in die vorige verhoor as h medebeskuldigde aanwesig was nie. Dit is h onsinnige verklaring wat geen verdere bespreking verdien nie.) Gevolglik ontbreek daar enige voldoende grondslag vir die terugverwysing van die saak na die Verhoorhof om verdere getuienis aan te hoor.

Die appellant se advokaat het ook aangevoer dat die appellant sedert die doodvonnis hom opgelê is, berou getoon het oor sy optrede, soos blyk (aldus die betoog) uit die feit dat hy bereid was om in Ncube se verhoor getuienis af te lê. In dieselfde verband is

ons meegedeel dat die appellant sedertdien op 'n godsdienstige vlak tot bekering gekom het en hom besig hou met Bybelstudie en die versterking van sy geestelike lewe. Die genoemde feite (aangenome dat dit so is) kan egter nie nou in aanmerking geneem word nie, aangesien hulle eers ontstaan het nadat die vonnis opgelê is (S v Nofomela supra). Slegs die uitvoerende gesag kan nou daaraan aandag skenk.

Die vraag of die doodstraf die enigste gepaste vonnis vir die appellant is, moet gevolglik oorweeg word aan die hand van die gegewens wat blyk uit die oorkonde wat voor hierdie Hof is.

Die strafverswarende faktore in hierdie geval hang saam met die beplanning, die motief, die aard en die wyse van uitvoering van die moord. Soos reeds vermeld, was daar 'n besondere deeglike beplanning van die roof. Dit blyk uit die getuienis dat die beplanning oor minstens 'n week of twee gestrek het. Dit het ingesluit 'n verkenning van die oorledene se

winkel, sy woonplek, en sy gewone bewegings tussen die twee plekke. Daar was h vorige onsuksesvolle poging om die roof uit te voer, toe alle voorbereidsels volledig getref is, maar wat op niks uitgeloop het nie omdat die oorledene nie opgedaag het nie. Die appellant en sy makkers was vasberade en volhardende rowers. Hulle het weer die oorledene gaan inwag in die privaatheid van sy woonperseel en hom in sy motorhuis oorrumpel. Dit is moontlik - en ek aanvaar dit ten gunste van die appellant - dat dit nie vooraf beplan was dat die oorledene nou juis om die lewe gebring sou word nie. Maar dit is duidelik dat die appellant hom voorberei het op enige gebeurlikheid en gereed was om alles te doen wat nodig sou wees om die oorledene tot oorgawe te dwing. Hy het hom bewapen met h hamer en het nie geskroom om dit te gebruik nie. Die aanranding op die oorledene was wreedaardig en is met koelbloedige gevoelloosheid tot die uiterste gevolg deurgevoer. Die appellant het die direkte oogmerk gehad om die

oorledene dood te slaan. En hy het dit gedoen slegs vir sy eie geldelike gewin. By dit alles het hy die leidende rol gespeel by sowel die beplanning as die uitvoering van die roof en was hy dié een van die bende van ses wat dit op hom geneem het om die oorledene buite aksie te stel.

As strafversagtende faktore is aangevoer die appellant se betreklike jeugdigheid, sy gebrek aan opvoeding en opleiding, en sy beweerde onrypheid. Ek betwyfel dit of oorwegings van hiedie aard werklik as strafversagtende faktore aangemerkt kan word in n geval soos die huidige, gesien die volgehoue berekendheid en kille planmatigheid wat die appellant se optrede gekenmerk het. Die appellant se beweerde onrypheid berus ook nie op enige feitebasis nie. Hoe dit ook al sy, die aangevoerde strafversagtende faktore verbleek na my oordeel ongetwyfeld tot onbeduidendheid, wanneer hulle opgeweeg word teenoor die strafverswarende faktore soos reeds opgenoem.

Die appellant se vorige veroordelings toon aan dat hy geneig is tot misdade van 'n gewelddadige aard, en dit is ook 'n strafverswarende faktor. Die appellant het egter nog nie voorheen gevangenisstraf oor 'n lang tydperk uitgedien nie, en die moontlikheid dat hy vatbaar is vir rehabilitasie by wyse van so 'n soort straf kan nie uitgesluit word nie. Weeg 'n mens dit egter op teen die bekende oogmerke van straftoemeting, is ek van oordeel dat 'n lang termyn van gevangenisstraf, selfs lewenslank, nie 'n gepaste straf in hierdie geval sal wees nie. Die noodsaaklikheid om behoorlike uiting te gee aan die aspekte van vergelding en afskrikking, en aan die samelewing se afsku van moorde van hierdie aard, weeg hier swaarder as die vooruitsig van rehabilitasie van die appellant. In die algemeen, met verwysing na so 'n vooruitsig, is daar die volgende gesê in S v Majosi and Others 1991 (2) SASV. 532 (A) op 541e:

"... that factor, weighty as it undoubtedly

is, must yield to considerations of retribution and deterrence when the horror of the crime, the callousness of the criminal, and the frequency of its recurrence generally, are such that the perceptions, sensibilities and interests of the community demand nothing less than the extreme penalty."

Die huidige is so 'n geval.

Die appèl word van die hand gewys en die doodvonnis word bekragtig.

A.S. BOTHA AR

VIVIER AR

STEM SAAM

HOWIE WN AR